PERSVERKLARING

# NAMPO goed gevestig as Afrika se netwerkplatform vir landbou

**Die bykans 70 000 besoekers het landbou-uitstallers in staat gestel om goeie besigheid tydens Graan SA se NAMPO Oesdag te doen. Positiewe terugvoer van uitstallers en besoekers bevestig dat die Oesdag 'n gesogte plek is om sake te doen, inligting oor te dra en om netwerke te bou.**

"Die effens laer bywoningsyfer, wat steeds goed vergelyk met die vorige twee jaar s'n, is bevredigend, inaggenome die stram jare wat landbou onlangs beleef het," het Cobus van Coller, NAMPO Oesdag-voorsitter gesê. Die uitbreiding van die terrein en parkeerarea het gesorg vir 'n meer egalige verspreiding van besoekers en die goeie toestand en netheid van die fasiliteite en die terrein het positiewe kommentaar ontlok.

"NAMPO se mikpunt in 2014 was om 'n nuwe generasie-vennoot vir die landbouer te wees en ek reken ons het daarin geslaag. Die nuwe tegnologie en boerderymetodes wat deur meer as 650 uitstallers tentoongestel is – en die goeie besigheid wat gedoen is – bevestig hoekom dit gereken word as een van die top landbouhandelskoue ter wêreld".

"As netwerk- en gespreksplatform vir landbou in Afrika het NAMPO nog nie naastenby sy volle potensiaal bereik nie," reken Van Coller. Netwerkgeleenthede wat Graan SA oor die afgelope jare tydens die NAMPO Oesdag help vestig het, het weer eens gesorg vir breë gesprekvoering, debatte en interaksie met rolspelers in landbou – plaaslik sowel as van oorsese en veral Afrika-lande noord van die ewenaar.

Voedselsekerheid en die verkryging van beleggers in die landbou vir hul lande was 'n sentrale tema van Graan SA se gesprekvoering met afvaardigings vanaf Soedan, Eritrea, Botswana, Kenia, Mosambiek, die Republiek van die Kongo en Ethiopië. Gesprekke met plaaslike rolspelers het egter deurgaans gehandel oor wie verantwoordelik gaan wees vir die finansiering van grondhervorming in Suid-Afrika.

Die slotsom van verskeie debatte tydens die Oesdag was dat georganiseerde landbou sal moet oorskakel vanaf beïnvloeding na implementering. "Die tyd het aangebreek dat die privaatsektor georganiseerde landbou moet begin help met implementering van aksies omdat die Staat klaarblyklik nie oor die vermoë beskik nie," aldus Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder van Graan SA.

"Oorsese uitstallers, ander lande op die kontinent en selfs voornemende plaaslike kopers van 'swart' graan vir bemagtigingsdoeleindes, besef reeds die waarde van die Oesdag. Ons gaan in die toekoms harder werk om meer politici en akademici te betrek – vernaamlik dié wat hulself beskou as die drywers van voedselsekerheid," het De Villiers bygevoeg.

'n Interessante tendens onder uitstallers is om verder te gaan as net 'n teenwoordigheid by NAMPO. Voorbeelde hiervan is Senwes en vennote se suksesvolle Nasie in Gesprek-paneelbesprekings wat daagliks deur die ekonoom, Theo Vorster, gelei is. Senwes het nie gehuiwer om relevante onderwerpe aan te pak nie, terwyl Bayer selfs praatjies aangebied het wat landbouers se persoonlike gesondheid op meer as een terrein aangespreek het.

Volgens De Villiers was dit vir Graan SA 'n voorreg om sy volopbetaalde lede in die nuwe ledelokaal te ontvang. Dié samesyn is deel van die karakter van die Oesdag en sluit aan by die gemoedelike atmosfeer wat deurgaans op die terrein heers. Graan SA het ook uitgetrede strydrosse uit landbou as gaste uitgenooi ter erkenning vir hul bydrae tot die bedryf.

Die 293 ligte vliegtuie en 41 helikopters wat oor die vier dae van die vliegveld gebruik gemaak het, was nie al wat die lugruim gevul het nie. Graan SA Radio, ʼn radiostasie wat eksklusief tydens die duur van NAMPO op die lug is en in ʼn radius rondom NAMPO Park uitsaai, het besoekers ingelig gehou van wat op en om die terrein gebeur. Aktuele sake is bespreek tydens onderhoude en uitstallers is die geleentheid gebied om hul produkte verder aan besoekers bekend te stel. Nuwe tegnologie het dit moontlik gemaak dat almal op die terrein die terreinplan op hul selfone kon aflaai.

Graan SA, eienaars en organiseerders van die NAMPO Oesdag, se voorbereidings vir aanstaande jaar se skou het reeds afgeskop en nog positiewe veranderings word in die vooruitsig gestel.

Die datums vir volgende jaar se NAMPO Oesdag is vasgestel op 12 - 15 Mei. Besoek die webblad vir meer inligting by *www.nampo.co.za*